Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 136: 27 Oktober 2017

FINANSIËLE UITDAGINGS AL GROTER

Nuwejaarsvoorneme het die gewoonte om net dit te bly, 'n voorneme. Realistiese doelwitte is egter 'n ander storie, en elkeen moet van tyd tot tyd bietjie voorraadopname doen om te evalueer in watter mate ons hierdie doelwitte kon verwesenlik.

By Framesby staan ons tans by hierdie punt, en moet die finansiële beplanning vir 2018 gedoen word, en moet daar bepaalde doelwitte in vooruitsig gestel word. Ons kan met groot vrymoedigheid sê dat die afgelope jaar werklik baie positief beleef is, en dat die meeste doelwitte wel bereik is. Framesby het weer eens uitstekende prestasies op 'n wye front gelewer en ons leerders word steeds toegerus met uitstekende onderrig en afrigting. Ongelukkig kon verskeie ontwikkelingsdoelwitte nie verwesenlik word nie, grootliks weens die finansiële onsekerheid wat spruit uit die relatief swak betaling van skoolgeld. Dis tog jammer dat 'n beduidende persentasie ouers graag hul kinders in Framesby wil hê, maar geen poging aanwend om 'n finansiële bydrae tot die doeltreffende funksionering van die skool te maak nie.

Ons leuse is "Handhaaf en Bou". Oor die jare is ongelooflik baie hier tot stand gebring deur die opofferinge wat ouers gemaak het. Daar is nie net bloot gehandhaaf nie, maar baie gebou. Tans raak dit egter al hoe moeiliker om te bou, en laat ons begroting eintlik maar net toe dat daar gehandhaaf word. Miskien het dit tyd geword dat ons ouergemeenskap hande vat en planne beraam om hierdie proses om te keer. Framesby bied sóveel geleenthede vir elke leerder, die geslagte voor ons het dit tot stand gebring. Ons MOET harder werk aan 'n nalatenskap vir die geslagte wat kom. Kom ons werk daaraan om 2018 nog meer spesiaal te maak. Raak betrokke en wees bereid om by te dra, al is dit dan net om dienste aan te bied. Daar word beslis geleenthede in vooruitsig gestel waar ons hele skoolgemeenskap, ouers, leerders en onderwysers saam die finansiële uitdagings gaan pak.

VAKVERANDERINGE VIR 2018

Eksamentyd is dikwels die tyd dat sommige leerders tot die ontnugterende besef kom dat sekere vakke nie regtig vir hulle bestem is nie. In baie gevalle is hierdie gewaarwording beslis geregverdig, maar dikwels is dit 'n geval waar daar net 'n akute gebrek aan deursettingsvermoë blootgelê word. Enige vakverandering in Graad 11, en veral in Graad 12, moet met GROOT omsigtigheid benader word.

Die relings rakende voorgenome vakveranderinge is as volg: Graad 11-leerders mag EEN vak vir Graad 12 verander. Die versoek hiervoor moet die skool voor 1 Desember bereik. By die grootste uitsondering kan versoeke nog gerig word tot 7 Desember, die dag nadat die rapporte beskikbaar is. Graad 10-leerders moet verkieslik voor 1 Desember sodanige versoeke rig, maar geen veranderinge word toegelaat ná 26 Januarie 2018 nie. Volledige inligting sal tydens die eksamen aan die leerders deurgegee word.

ONTHOU!!!

ALGEMENE OUERVERGADERING

BEGROTING 2018

16 NOVEMBER 2017 in die Skoolsaal

(Verlede week verkeerd aangedui as 23 November)

Lees asseblief die kennisgewing oor die skoolgeld-rekening

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Anje Van Niekerk 11F

Sondag
Lindie Jansen 9A

Maandag
Megan Fourie 9A
Andre Gouws 10C
Ricardo Kritzinger 8C

Dinsdag
Michael Coertzen 10A
Shiméon Kido 8A
Melandi Marais 11E
Elné Vosloo 10A

Woensdag
Charles Botha 8C
Jeandré Botha 8C
Enrico Keyter 11D
Duwayne Lawack 11G
Shaniël Swanepoel 10C

Donderdag
Geen

Vrydag
Danica Fourie 9G
Marika Louw 9G

FRAMESBY IS TROTS OP ...

JANNO KAPTEIN VAN OP-TWEEKAMPSPAN

Die OP-Tweekampspan neem môre in Port Elizabeth aan ‘n Interprovinsiale byeenkoms deel, en een van ons voorste atlete, Janno Agenbag, is as kaptein van al die ouderdomsgroepe aangewys. Dis ‘n pragtige prestasie, Janno! Ons is baie trots op jou.

Janno is egter nie die enigste Framesby-atleet in die span nie. Altesaam nege van ons atlete is in die span opgeneem. Die ander is Wehan Smith, Karla Scheffer, Lara de Bloe, Melissa Hamilton, Lize-Mé Otto, Nicole Hamilton, IP van der Merwe en Chane Petzer. Veels geluk aan almal. Baie sterkte met die byeenkoms, veral so in die middel van die eksamen.

DANTRÉ KOOK OP DIE GHOLFBAAN!

Framesby se gholfspelers het vanjaar ‘n goeie jaar beleef, en die hoogtepunt was beslis ons deelname aan die Suid-Afrikaanse Skole-kampioenskappe waar ons span die Oostelike Provinsie verteenwoordig het. Alles dui daarop dat hierdie groep spelers in 2018 hul stem nog meer dik gaan maak in die skole-liga.

Een van ons uitblinker-spelers, Dantré Haasbroek, het onlangs hierdie voorneme bevestig toe hy op 17 September by die OP Junior-gholftoernooi stof in die ander deelnemers se oë geskop het deur die beste netto-telling aan te teken. Hy het met sy voorgee van 7 houe ‘n groottotaal van 77 houe aangeteken, wat aan hom ‘n telling van 70, twee onder baansyfer, besorg het. Al die top-spelers in die OP was teenwoordig, en Dantré kan met reg baie tevrede voel met hierdie prestasie! Baie geluk, Dantré! Framesby is baie trots op jou.

KAYLA FERREIRA OPGENEEM IN OP-O/19 KRIEKETSPAN

Kayla Ferreira, wat saam met haar suster Monique al ongelooflike sportprestasies oor ‘n wye front gelewer het, is onlangs opgeneem in die OP-O/19-dogterskrieketspan. Dis ‘n besondere prestasie, veral gesien in die lig daarvan dat Kayla tans in Graad 9 is. Baie geluk, Kayla. Dis wonderlik en ons weet dat jy Framesby se naam baie hoog gaan hou en baie waarde tot die span sal toevoeg!

PROGRAM VIR DIE WEEK 28 TOT 3 NOVEMBER

Saterdag 28 Oktober	Sondag 29 Oktober	Maandag 30 Oktober	Dinsdag 31 Oktober	Woensdag 1 November	Donderdag 2 November	Vrydag 3 November
		Dag 1 Eksamen	Dag 2 Eksamen	Dag 3 Eksamen	Dag 4 Eksamen Beheerliggaam	Dag 5 Eksamen

FRAMESBY BLY AAN DIE GANG!

SANTA SHOEBOX-PROJEK OORTREF VERWAGTINGE

As deel van ons Omgee-veldtog, het die Monitorbestuur as hul eerste projek die Framesby-leerders betrek by hierdie inisiatief, 'n projek om aan minder-bevoorregte kinders regoor Suid-Afrika en Namibië iets te gee om hierdie Kersfees spesiaal te maak. Dis duidelik dat ons leerders hul harte oopgemaak het vir hierdie saak! Pragtig!

Op die foto bo verskyn agter: Janno Agenbag, Gihan Abrahams, Marius van Rooyen, Christo Grobler, Carli van Onselen, Mieke Alberts, Leah Blom, Conray Nortjé, Ruan Gerber, Marné Olivier, Niël Alberts en Louis Potgieter.
In die middel sit Bernardt Vlok, Lané Ingram, Eza Ferreira, Nina Woithe, Nico Nell, Ingeborg Jordaan, Ané du Plessies, Huné Erwee, Elzabé van Niekerk, Kyle Gunn, Rikus Smith, Stephanie Oberholzer en Abigail Appelgryn. Voor sit Vicky Oelofse, Megan Tait, Ruan Reinhardt en Luan Ras.

Die onderste foto gee 'n aanduiding van die enorme hoeveelheid bokse wat pragtig opgemaak en met groot sorg en liefde gevul is met allerhande spesiale geskenkies. Mag hierdie gebaar baie hartjies bly maak!

GRAAD 10 TOT 12 EKSAMEN HIERDIE WEEK

Die eksamen vir die senior leerders is voluit aan die gang, en hierdie week is die laaste week van onderrig vir ons Graad 8 en 9-leerders. Die finale eksamenrooster met alle eksamenreëlings sal in die loop van die week aan die Graad 8 en 9-leerders voorsien word.

Baie belangrik! Die Graad 10-leerders moet kennis neem dat hulle beide die Engels (V2) en die LO-vraestel tydens die oggendsessie sal afhandel. Hulle sal om 08:00 met die Engels begin, en om 10:30 met die LO. Die skryfsessie sal dus tot kort ná 12:00 duur. Hierdie eksamen sal in die skoolsaal afgelê word. Verder is die Engels (V1) verskuif na die oggendsesssie.

	GRAAD 10		**GRAAD 11**		**GRAAD 12**	
	09:00	**14:00**	**09:00**	**14:00**	**09:00**	**14:00**
Ma 30/10	VS (3h)	IT V2 (3h)	Rek. (3h)		Wisk/WG V2 (3h)	
Di 31/10	Eng. P2 (2h)	LO (1½h)		Afr. V3 (2½h)	Geo. V1 (3h)	Geo. V2 (1½h)
Wo 1/11	CAT V2 (3h)	`				IT V2 (3h)
Do 2/11	Eng P1 (2h)		IT V2 (3h)		Afr. V1 (2h)	
Vr 3/11	Wisk V1 (2h) WG V1(1½h)		FW V1 (3h)		FW V1 (3h)	

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

DIE LEWE IS KOSBAAR

Dat die lewe iets kosbaars is, is nie maar net iets wat ons intuïtiewe lewensdrang ons leer nie. Dit is die duidelike boodskap van die Bybel. In teenstelling met die Oosterse godsdienste, wat verlossing verstaan as bevryding uit die aardse bestaan; en in teenstelling met die dekadente Westerse mens wat so in angs geraak dat hy soms sê dat die lewe iets absurds is wat nooit moes gewees het nie, hervestig die Bybel op duisend plekke dat die lewe self goed is.

Die lewe is die moeite werd; selfs al twyfel ons soms in ons droefheid, pyn en frustrasie daaraan. Die lewe is die moeite werd, omdat dit ‘n geskenk van God is. Karl Barth skryf: "Geen donker lot en geen neutrale lotsbeskikking val die mens ten deel as hy mag lewe nie: dit is ‘n weldaad wat hy van God ontvang. Gods gebod skryf hom dit in die hart, wanneer dit hom as lewende mens in beslag neem, dat die lewe, omdat dit van God kom, in alle omstandighede (of hy dit insien of nie) ‘n voorreg is, iets goeds, iets waardevols, om te mag lewe. Want dit is die·één groot geleentheid om God te ontmoet en in sy lof vrolik te wees.”

God wil dat ons sal lewe en dat ons die lewe’ ook positief sal aanvaar en sal wil. God wil dat ons die lewe sal geniet, dat ons dit sal beskerm en versorg, dat ons sal waak oor ons gesondheid, dat ons daarna sal strewe om iets te beteken en iets te bereik, dat ons die moontlikhede wat aan ons gegee is, tot ontplooiing sal bring. Dit is ’n gebod van God dat ons in gemeenskap met Homself en met ons naaste die lewe wat Hy aan ons geskenk het, tot sy volste moontlikhede sal ontwikkel en sal beleef. Eintlik behoort ‘n mens elke môre vir jouself te sê: God vind dit nog die moeite werd om my te laat lewe. Wat kan ek vandag ten goede van die geleentheid maak?

As ons dit goed·verstaan, sal ons natuurlik ook onthou dat dit· alles nie net van onsself geld nie, maar ook van die ander mense rondom ons wie se lewe eweneens ‘n geskenk en daad van God is. Die gebod van God is dat ons ook hul lewe met net soveel sorg sal bewaak as ons eie, en dat ons daartoe sal meewerk dat ook hul lewe tot die volste moontlike potensiaal sal ontwikkel. Soos God dit vir my wil, wil Hy dit ook vir elke ander mens dat hy gelukkig moet wees, dat sy lewe die moeite werd moet wees en dat hy die geleentheid moet ontvang om die dines te lewer waartoe God aan hom die gawes gegee het.

Dit geld nie net van diegene van wie ek hou en wat na my oordeel waardevolle mense is nie. Dit geld van alle mense wat deur God geskape is: óók van my lastige buurvrou, my onuitstaanbare kollega, my politieke teenstander, die andersdenkende wat my so irriteer, die onder en die minder ontwikkeldes. God sal nie net my eie lewe nie, maar ook dié van my naaste van my hand eis.

Uit *Die Burger,* 4 Februarie 1978

KENNISGEWING RAKENDE DIE FRAMESBY-BANKREKENING VIR SKOOLGELDBETALINGS

Alhoewel hierdie kennigewing verlede week verskyn het, plaas ons dit vandeesweek weer. Verskeie ouers het hierop gereageer, maar daar is steeds ouers wat betalings in die verkeerde rekening doen.

Framesby is reeds ‘n geruime tyd ‘n kliënt van Eerste Nasionale Bank, en het nie meer ‘n skoolfondsrekening by ABSA nie. Ons stel hiermee alle ouers DRINGEND in kennis dat GEEN verdere betalings, hetsy Skoolfonds, Sport of enige ander betalings, meer by ABSA BANK betaal mag word word nie. Hierdie rekening word gesluit.

Alle inbetalings moet voortaan by Eerste Nasionale Bank (ENB) gedoen word.

Die bankbesonderhede is as volg:

Bank:	Eerste Nasionale Bank
Rekeninghouer:	Hoërskool Framesby
Rekeningnommer:	62576528859
Verwysing:	Slegs u kind se naam en
Toelatingsnommer.	Bv. Jannie 0007
	Let asseblief op dat elke leerder sy/haar eie spesifieke toelatings-nommer het.

Belangrik: As u twee kinders het, moet beide se nommers as verwysing gebruik word.
Bv: Jannie 0007 Pietie 9999

Die gebruik van hierdie nommer is uiters belangrik. Indien u nie die Toelatingsnommer tot u beskikking het nie, moet u asseblief Mev Victor by (041) 360 1257 skakel om dit te kry.

Vir enige ander betalings sal u van die spesifieke toer/projek se verwysingsnommer voorsien word. Dan gebruik u net leerder se naam en die spesifieke toer/projek se nommer. Bv. Jannie 0575/003.

Ons vertrou dat u ons sal ondersteun deur voortaan alle betalings in ons ENB-rekening te doen. Baie dankie vir u begrip en ondersteuning!